# APK NUUSBRIEF

NUUSBRIEF #20 JUNIE 2023

## BELANGRIKE SAKE OM TE ONTHOU



1. Benoeming van afhanklikes moet opgedateer word met enige veranderinge in jou persoonlike lewensomstandighede.
2. Herbelyning van jou spaar strategie met jou langtermyn spaar doelwit. Gebruik die Acravest Toep om jou doelwit te definieer en vordering dop te hou.
3. **Voortsettingsopsie van risiko dekking:**
   **Aftrede:** Indien u u lewensdekking wil voortsit na beëindiging van u dienstydperk met u werkgewer (Aftrede), moet u die opsie uitoefen voor die verstrykingsouderdom in die lewenspolis, maar nie later nie as ouderdom 65 (In geval van ongeskiktheidsdekking, ouderdom 60).
   **Bedanking:** Indien u u lewensdekking wil voortsit na beëindiging van u dienstydperk met u werkgewer (Bedanking), moes u ten minste 12 maande in diens van u werkgewer gewees het en 'n lid van die risiko polis. Die opsie moet uitgeoefen word binne 60 dae vanaf u diensbeëindigingsdatum. ***Tree gerus in verbinding met Acravest vir ondersteuning in hierdie verband***

## KORT OORSIG OOR ONTWIKKELINGE IN DIE AFTREEFONDS LANDSKAP



**Ontwikkelende storie vanaf vorige weergawes - Lede toegang tot aftreefonds voordele tydens lidmaatskap van 'n Fonds:** Dit word deur die wetgewer in die vooruitsig gestel om toekomstige bydraes tot 'n aftreefonds te verdeel tussen 'n "besparingspot" (een derde) en 'n "aftrede pot" (twee derdes).

Nuwe ontwikkelinge: Op 9 Junie 2023 het die Nasionale Tesourie verdere inligting bekend gemaak:

- Die implementeringsdatum van 1 Maart 2024 word behou;
- Die konsep "pot" word vervang met "komponent";
- Die verdeling van toekomstige bydraes (Werkgewer/Werknemer) tussen 'n "besparingskomponent" (een derde) en 'n "aftrede komponent" (twee derdes) vanaf 1 Maart 2024, word behou;
- Die toeganklikheid tot gelde in die besparingskomponent (minimum van R2 000 maksimum een keer per jaar) word behou;
- Gelde wat so onttrek word, word ingesluit in 'n lid se belasbare inkomste en is belasbaar teen 'n lid se eie marginale belastingkoers in die belastingjaar waarin die onttrekking plaasvind;
- Die beginsel van "aanvangskapitaal" (*seed capital*) in die besparingskomponent word bygevoeg. Hierdie beginsel behels dat 'n lid 10% vanuit die "gevestigde reg" komponent (*vested component*) mag oordra na die besparings komponent, tot 'n maksimum van R25 000. Hierdie gelde vorm dan deel van die gelde wat toeganklik is vir onttrekking. Die gevestigde reg komponent beteken daardie kapitaal wat op 1 Maart 2021 (vorige wetswysiging) in kontant beskikbaar sou wees by aftrede vir die lid, plus groei.
- Die beginsel dat die wetswysigings nie lede raak wat reeds ouderdom 55 bereik het op 1 Maart 2021 nie, word behou, ook vir die verdere ontwikkelings wat hier vermeld word. So 'n lid sou egter kon kies om oor te skakel na die nuwe bedeling wat geskep word.
- Onttrekkings word bepaal op 'n "per fonds"/"per kontrak" basis.
- Die aftree komponent mag slegs aangewend word by aftrede en ook slegs deur dit om te skakel na 'n jaarlikse pensioen.

## VERANDERINGE AAN DIENSTE EN KOSTES

Inflasie verhogings teen 'n koers van 5% is geïmplementeer op vaste maandelikse fooie.

## SELFBESTUUR VAN JOU AFTREEFONDS PROJEK

Verwys na ons vorige publikasie waar hierdie onderwerp behandel is. Vorige publikasies is op die Acravest webblad en die Acravest Toep beskikbaar.

## JOU BELEGGINGSTRATEGIE PRESTASIE IN 'N NEUTEDOP

Verwys na Bylae A hierby aangeheg.

## FINANSIËLE MARKTE

Rentekoerse speel 'n belangrike rol in finansiële markte wêreldwyd en ook in lande se ekonomiese groei vooruitsigte. Rentekoerse wat tans baie hoog is gemeet teenoor die geskiedenis, is ontwerp om die histories hoë inflasiekoerse onder beheer te bring. Hierdie hoë inflasiekoerse het ontstaan uit na-Covid bottelnekke in verskaffingswaardekettings, en die Russiese inval in Oekraïne wat 'n groot impak gehad het op kommoditeitspryse, brandstof (gas) beskikbaarheid en voedselpryse.

Sentrale banke was aanvanklik laat in hulle besluit om rentekoerse te verhoog, en moes dus meer aggresief optree om inflasie momentum in beheer te bring. Tans is vooruitsigte onseker en verwagtinge word deurlopend aangepas by die werklikheid.

Die hoë rentekoerse, inflasie en 'n groot mate van geopolitiese onserkerheid wêreldwyd, saamgelees met die plaaslike moeilike omstandighede bied uitdagings aan beleggingsbestuurders. Die toestand vereis van beleggers om 'n lang termyn seining oor beleggings te neem, terwyl beleggings bestuurders krities moet veseker dat hulle beleggingsportefeuljes bestaan uit instrumente wat waarde bied op die langer termyn.

## FONDS JAAREINDE VERSLAG

| | iRetire Pensioenfonds | iRetire Aftreefonds |
|---|---|---|
| **Konsolidering van Fondse** | Veranderinge in die inkomstebelastingwet het tot gevolg gehad dat toekomstige verskille tussen pensioen- en voorsorgfondse verwyder is en gevolglik is besluit om die iRetire Pensioenfonds in die iRetire Aftreefonds in te konsolideer. Hierdie projek behoort in die nuwe finansiële jaar afgehandel te wees. | |
| **Groei van bates** | 'n Positiewe groei in bates van 2.25% is aangeteken, ten spyte van 'n groot werkgewer wat oorgeplaas moes word na 'n onderhandelde Fonds om voldoening aan die arbeidswet te verseker. Gekonsolideerde bates in die fonds beloop R1,105 miljard. | |


| | |
|---|---|
| | Raad van trustee samestelling vereis in terme van die reëls van die Fonds: 5 Trustees waarvan ten minste 4 onafhanklik van die stigter van die Fonds is, plus 2 onafhanklike reserwe trustees. |
| | CJ De Jager **(Onafhanklik/Voorsitter)** |
| | CJ Jansen van Rensburg **(Onafhanklik)** |
| **Trustees** | MP Oni **(Onafhanklik)** |
| | FA Gerber **(Onafhanklik)** |
| | GJ Jansen van Rensburg **(Onafhanklik)** |
| | KB Motsukunyane **(Onafhanklik)** |
| | CJ Potgieter **(Verwant aan die stigter)** |
| **Principal Officer** | Me. R de Klerk: Me. de Klerk het na die jaareinde bedank en word vervang deur Mnr. CJ Jansen van Rensburg, 'n langdienende onafhanklike trustee van die Fonds. |

# VERSTEK OPSIES BY AFTREDE EN BEDANKING

**Lewende annuïteit by aftrede:** Die verstek opsie deur die Raad van Trustees aanbeveel, is die Acravest Lewende Annuïteit. Hieronder is meer inligting rakende hierdie uitstekende produk.

By aftrede het 'n lid onder andere die keuse om pensioen ingevolge 'n lewende annuïteit te ontvang. 'n Lewende annuïteit laat die belegger toe om jaarliks 'n vlak van inkomste te kies wat by hul behoeftes pas, onderhewig aan beperkings soos deur die wetgewer voorgeskryf, naamlik dat 'n minimum van 2.5% van kapitaal belê, jaarliks onttrek moet word, tot 'n maksimum van 17.5%. Die grootte van die beleggingsbedrag speel natuurlik 'n groot rol, en bepaal bekostigbaarheid van die inkomstevlak wat deur die belegger gekies word.

Kostes speel 'n kritiese rol in die waarde van die lewende annuïtiet en het 'n direkte impak op die inkomste wat oor die lang termyn deur die belegger bekostig kan word. Die grafiek hieronder toon die administrasie koste van die Acravest Lewende Annuïteit, wat tans die goedkoopste beskikbaar in die mark is tot op 'n beleggingswaarde van R7m en steeds kompeterend is ten opsigte van beleggingswaardes groter as R7m.





ACRAVEST

Die belegger het 'n keuse tussen verskillende beleggingsbestuurders, hieronder aangedui, om hulle kapitaal binne die produk te bestuur.

- Alexander Forbes Investments
- Allan Gray Proprietary Limited
- Coronation Fund Managers
- Momentum Investments
- Naviga Investments
- Nedgroup Investments
- Old Mutual Investment Managers
- Prudential Investment Managers
- Sasfin Asset Managers

Kontak gerus die Fonds indien U van hierdie beleggings opsie gebruik wil maak.

## HET JY ENIGE VOORSTELLE OOR DIE INHOUD WAT JY IN HIERDIE NUUSBRIEF WIL LEES?

Hierdie nuusbrief is geskep om jou as lid te bedien! Ons sien uit na jou insette! Gebruik die volgende kanale:

communication@iretire.co.za (081) 262 8430 complaints@iretire.co.za